

INVLOEDRYK [Week 3]

DIE BOODSKAP

Ons dra nie net 'n boodskap nie. **Ons word die boodskap wat ons verkondig.**

1. DIE WAT — WAT IS DIE BOODSKAP?

Die hart van die boodskap is liefde. Nie goedkoop liefde nie, maar God se liefde wat mense opsoek, vergewe, herstel, voed, waarheid bring en mense weer heel maak. **Jesus het nie net vir mense vertel hoe die Koninkryk lyk nie. Hy het die Koninkryk voor hulle laat gebeur.**

2. IEMAND KAN DIE GOEIE NUUS GLO AS SY MAAG VOL IS

Soms moet iemand eers ervaar dat God vir hulle omgee voordat hulle gereed is om te hoor wat ons oor God sê. Ons ontvang genade, ons moet dit vrylik gee, sodat mense Jesus kan ontvang.

Jakobus 2:15–17 (NLV)

Jakobus 2:15–17 herinner ons dat mense nie net ons geloofsbelydenis behoort te hoor nie; hulle behoort ook die vrug daarvan in ons lewens te kan raaksien.

3. LIEFDE IS MEER AS WOORDE

1 Johannes 3:18–19 (NLV)

Jou gewete gaan bly maal as jy die boodskap vir jouself hou. Die probleem is nie dat woorde onbelangrik is nie. Die probleem is wanneer ons woorde en ons lewens nie met mekaar ooreenstem nie.

4. LIEFDE NOOI MENSE NA DIE TAFEL

Die tafel sê: Jy is welkom. Jy behoort. Jy word gesien. Jy word gevoed. **Jy hoef nie alleen te wees nie.** Ons eie tafel word 'n vertrekpunt van die Koninkryk. Elke plek waar mense bymekaar kom, kan 'n plek word waar Jesus sigbaar word.

5. DIE BROOD BEGIN BY MY TAFEL EN WORD MEER

Ek bring die brood na my tafel en deel dit. Maar, nou is dit nie meer net my brood nie. Die persoon wat dit ontvang, neem iets daarvan verder.

Jesus → Ek → My tafel → iemand anders → Hulle tafel → iemand anders → Hulle tafel.

6. ONS MOET DIE WOORD LEEF, NIE NET HOOR NIE

Die Woord wat my nie verander nie, gaan ook nie deur my lewe iemand anders verander nie. Wat ek ontvang, verander wie ek word, en dit bepaal wat ek uitdeel.

7. MENSE... DIS AL.

Wie moet die boodskap hoor? Met wie moet jy brood deel sodat dit kan vermeerder? Moenie net die brood dra nie. Word die brood wat jy ontvang het vir iemand anders.

8. ONS MOET DIE BOODSKAP MET GENADE UITLEEF

Genesis 43:24–34 — Josef nooi sy broers na sy tafel.

Josef maak ruimte vir hulle, ten spyte van hulle geskiedenis. Ons moet hieruit leer dat genade vrylik gegee moet word.

9. WEES DIE VOORBEELD, WEES SOOS JESUS

Die vraag is nie net of ons vir hulle sal vertel dat Jesus hulle liefhet nie. Die vraag is ook: **Sal hulle iets van Jesus se liefde ervaar wanneer hulle met ons te doen kry?**

10. LAASTE GEDAGTES

Ons ontvang genade, ons moet dit vrylik gee, sodat mense Jesus kan ontvang. Dis tyd om weer mense na jou tafel te begin nooi en brood te breek, sodat dit kan vermeerder. **Ons mag nie die boodskap net vir onself hou nie. Dit móét gedeel word.**